

5 April

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 6**  
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:4**  
**HK, Vraag 95**

**God openbaar Hom as die enigste ware God te midde van afgode**

Ons kan menslik gesproke niemand vandag kwalik neem as hy nie in die God van die Bybel glo nie. Reeds in die Bybel word die mens voor soveel keuses gestel. 'n Mens moet egter weet dat die ontkenning van die God van die Bybel tot verlorenheid lei. Self kan (en het) ons nie (ge-)kies om te glo nie. Dat ons die enige ware God aanbid is nie toe te skryf aan ons eie insig of opvoeding nie, maar alleen omdat God Hom deur die Bybel en die werk van die Heilige Gees aan ons bekend gemaak het. Ons het niks om op te roem nie, behalwe op die genade wat God ons bewys het.

So oud soos die Bybel is, so lank is daar al 'n stryd tussen God en die gode. By die brandende doringbos vra Moses na God se Naam, want al wat Israel geken het was Egipte met hul gode, tempels, seremonies en towenaars. Toe Josua die volk Kanaän inlei, stel hy hulle voor 'n keuse: "Kies dan vandag wie julle wil dien, die gode van julle voorvaders ... of God ..."

Die rigter Gideon moes die gewyde paal en Baälaltaar gaan afkap, terwyl die profete telkens waarsku teen hoogtes, afgodery en gewyde pale. In ballingskap in Babel vanweë hulle afgodsdien word Israel verder blootgestel aan afgodery, towery en waarsêery.

Ook die Nuwe Testament vertel van afgodsbeelde, tempels en altare in Atene. In Efese verbrand hulle hulle toorgoed.

Elke Sondag word ons voor 'n beslissende keuse gestel: "Geen ander gode ...". Ons verlossende God leef en regeer in ewigheid. Hy vra onverdeelde trou aan Hom. Hy is 'n jaloerse God!

*Sing: Psalm 73:11, 12*

*Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*

~~~~~